Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 461 Cape Town, Kaapstad, 14 November 2003 **No. 25719**

THE PRESIDENCY

No. 1672 14 November 2003

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 29 of 2003: Sectional Titles Amendment Act, 2003.

DIE PRESIDENSIE

No. 1672 14 November 2003

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 29 van 2003: Wysigingswet op Deeltitels, 2003.

9 771682 584003 25719

AIDS HELPLINE: 0800-123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President.)
(Assented to 11 November 2003.)

ACT

To amend the Sectional Titles Act, 1986, so as to substitute a definition and insert another; to repeal redundant provisions; to make certain textual alterations; to make new provision with regard to registration of extensions to schemes and with regard to exclusive use areas; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 95 of 1986, as amended by section 1 of Act 63 of 1991, as substituted by section 1 of Act 7 of 1992 and amended by section 1 of Act 15 of 1993 and section 1 of Act 44 of 1997

1. Section 1 of the Sectional Titles Act, 1986 (Act No. 95 of 1986) (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding subparagraph (i) of paragraph *(b)* of the definition of "owner" of the following words:

"immovable property**[,]** and real rights in immovable property **[and notarial bonds]**—"; and

(b) by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

"(3A) If a body corporate is unable to obtain a unanimous resolution, it may, subject to the provisions of subsection (3)*(c)*, approach the court for relief.".

Amendment of section 4 of Act 95 of 1986, as amended by section 2 of Act 63 of 1991, section 2 of Act 15 of 1993 and substituted by section 2 of Act 44 of 1997

2. Section 4 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (5A).

Amendment of section 7 of Act 95 of 1986, as substituted by section 4 of Act 63 of 1991 and section 3 of Act 44 of 1997

3. Section 7 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* a certificate issued by an architect or a land surveyor stating that**[—]**

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 11 November 2003.)

WET

Om die Wet op Deeltitels, 1986, te wysig ten einde 'n woordomskrywing te vervang en 'n ander in te voeg; om oorbodige bepalings te herroep; om sekere teksveranderings aan te bring; om nuwe voorsiening te maak ten opsigte van registrasie van uitbreidings aan skemas en ten opsigte van uitsluitlike gebruiksgebiede; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 95 van 1986, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 63 van 1991, soos vervang deur artikel 1 van Wet 7 van 1992 en gewysig deur artikel 1 van Wet 15 van 1993 en artikel 1 van Wet 44 van 1997 5

1. Artikel 1 van die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986) (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat subparagraaf (i) van paragraaf *(b)* van die omskrywing van "eienaar" voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang: 10

"onroerende goed **[,]** en saaklike regte oor onroerende goed **[en notariële verbande]** —"; en

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

"(3A) Indien 'n regspersoon nie in staat is om 'n eenparige besluit te verkry nie, kan dit, behoudens die bepalings van subartikel (3)*(c)*, die hof vir regshulp nader.". 15

Wysiging van artikel 4 van Wet 95 van 1986, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 63 van 1991, artikel 2 van Wet 15 van 1993 en vervang deur artikel 2 van Wet 44 van 1997

2. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5A) te skrap. 20

Wysiging van artikel 7 van Wet 95 van 1986, soos vervang deur artikel 4 van Wet 63 van 1991 en artikel 3 van Wet 44 van 1997

3. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* 'n sertifikaat uitgereik deur 'n argitek of 'n landmeter wat konstateer dat **[—]** 25

[(i)] the proposed division into sections and common property is not contrary to[—]

[*(aa)*] any operative town planning scheme, statutory plan or conditions subject to which a development was approved in terms of any law[**; or**]

(bb) **any other current planning or development initiatives initiated by any authority with jurisdiction over the area**],

that may affect the development;

[**(ii) in respect of matters other than the proposed use, the building to which the scheme relates is not contrary to any operative town planning scheme, statutory plan or conditions subject to which a development was approved in terms of any law;**

(iii) in respect of matters other than buildings, any applicable condition of any operative town planning scheme, statutory plan or conditions subject to which a development was approved in terms of any law has been complied with;

(iv) the building to which the scheme relates, was erected in accordance with approved building plans;]"; and

(b) by the deletion in subsection (2) of paragraphs *(c)* and *(d)*.

Amendment of section 17 of Act 95 of 1986, as amended by section 11 of Act 63 of 1991 and section 11 of Act 44 of 1997

4. Section 17 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the heading of the following heading:

"**[Dealings with]** <u>**Alienation and letting of**</u> **common property**".

Amendment of section 24 of Act 95 of 1986, as amended by section 14 of Act 63 of 1991 and substituted by section 17 of Act 44 of 1997

5. Section 24 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) If an owner of a section proposes to extend the **[limits]** <u>boundaries or floor area</u> of his or her section, he or she shall with the approval of the body corporate, authorized by a special resolution of its members, cause the land surveyor or architect concerned to submit a draft sectional plan of the extension to the Surveyor-General for approval."; and

(b) by the deletion in subsection (6) of paragraph *(b)*.

Amendment of section 25 of Act 95 of 1986, as substituted by section 15 of Act 63 of 1991 and amended by section 6 of Act 7 of 1992 and section 18 of Act 44 of 1997

6. Section 25 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

"**Extension of schemes by addition of sections** <u>**and exclusive use areas**</u>";

(b) by the insertion in subsection (10) after paragraph *(d)* of the following paragraph:

"<u>*(dA)* any mortgage bond which may be affected by the right, together with the consent of the mortgagee to the registration of the extension of the scheme and the endorsement of such bond to the effect that it is attached to—</u>

(i) each section shown on the sectional plan and its undivided share in the common property;

(ii) the certificate of real right in respect of a right of exclusive use as contemplated by section 27(1); and

(iii) if applicable, the certificate of real right in respect of the remainder of the right reserved in terms of subsection (1); <u>and</u>";

[(i)] die voorgestelde verdeling in dele en gemeenskaplike eiendom nie teenstrydig is nie met [—]

[*(aa)*] 'n geldende dorpsaanlegskema, statutêre plan of voorwaardes onderhewig waaraan 'n ontwikkeling ingevolge enige wet goedgekeur is [; **of**

(bb) **enige ander huidige beplannings- of ontwikkelingsinisiatiewe, geïnisieer deur 'n owerheid met jurisdiksie oor die gebied,]** wat die ontwikkeling mag raak;

[**(ii) ten opsigte van ander aangeleenthede as die voorgestelde gebruik, die gebou waarop die skema betrekking het, nie met enige dorpsaanlegskema, statutêre plan of voorwaardes onderhewig waaraan 'n ontwikkeling ingevolge enige wet goedgekeur is, teenstrydig is nie;**

(iii) ten opsigte van ander aangeleenthede as geboue, aan enige toepaslike voorwaarde van enige dorpsaanlegskema, statutêre plan of voorwaardes onderhewig waaraan 'n ontwikkeling ingevolge enige wet goedgekeur is, voldoen is;

(iv) die gebou waarop die skema betrekking het, opgerig is ooreenkomstig goedgekeurde bouplanne;]"; en

(b) deur in subartikel (2) paragrawe *(c)* en *(d)* te skrap.

Wysiging van artikel 17 van Wet 95 van 1986, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 63 van 1991 en artikel 11 van Wet 44 van 1997

4. Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**[Handelinge met] Vervreemding en verhuring van gemeenskaplike eiendom**".

Wysiging van artikel 24 van Wet 95 van 1986, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 63 van 1991 en vervang deur artikel 17 van Wet 44 van 1997

5. Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Indien 'n eienaar van 'n deel beoog om die grense of vloerarea van sy of haar deel uit te brei, moet hy of sy met die goedkeuring van die regspersoon, gemagtig deur 'n spesiale besluit van sy lede, die betrokke landmeter of argitek 'n konsepdeelplan van die uitbreiding aan die Landmeter-generaal laat voorlê vir goedkeuring."; en

(b) deur in subartikel (6) paragraaf *(b)* te skrap.

Wysiging van artikel 25 van Wet 95 van 1986, soos vervang deur artikel 15 van Wet 63 van 1991 en gewysig deur artikel 6 van Wet 7 van 1992 en artikel 18 van Wet 44 van 1997

6. Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang :

"**Uitbreiding van skemas deur byvoeging van dele en uitsluitlike gebruiksgebiede**";

(b) deur in subartikel (10) die volgende paragraaf na paragraaf *(d)* in te voeg:

"*(dA)* 'n verband wat deur die reg beïnvloed kan word, tesame met die toestemming van die verbandhouer tot die registrasie van die uitbreiding van die skema en die maak van 'n aantekening op sodanige verband ten effekte dat dit—

(i) elke deel aangedui op die deelplan en sy onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom;

(ii) die sertifikaat van saaklike reg ten opsigte van 'n reg van uitsluitlike gebruik soos beoog in artikel 27(1); en

(c) by the substitution in subsection (11) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* simultaneously with the registration of the sectional plan of extension issue to the developer, his or her successor in title or the body corporate, as the case may be, a certificate of registered sectional title in respect of each section depicted on the sectional plan of extension and its undivided share in the common property, subject to any mortgage bond registered against the title deed of the right of extension, furnish the local authority concerned with a copy of such plan of extension and notify the Surveyor-General of the registration of such plan of extension, and thereupon the Surveyor-General shall amend the original sectional plan and the deeds office copy of the sectional plan to reflect such extension; and"; and

(d) by the substitution in subsection (15) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* After notice by any such purchaser to the seller that he or she annuls the alienation, the alienation shall be void, and thereupon the provisions of section **[9(3)]** 10(5) shall apply **[*mutatis mutandis*]** with the necessary changes.".

Amendment of section 26 of Act 95 of 1986, as substituted by section 16 of Act 63 of 1991 and amended by section 19 of Act 44 of 1997

7. Section 26 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The registrar shall, upon the submission of the prescribed documents, register a plan of extension of the common property in terms of this section by making an endorsement on the relevant title deed to reflect that the land concerned has been incorporated in the sectional plan, shall make such further endorsements and entries in his or her records as may be necessary to give effect thereto, and shall furnish a copy of the sectional plan of extension to the local authority concerned and notify the Surveyor-General of the registration of such plan of extension, and thereupon the Surveyor-General shall amend the original sectional plan and deeds office copy of the sectional plan to reflect such extension.".

Amendment of section 27 of Act 95 of 1986, as amended by section 17 of Act 63 of 1991 and section 20 of Act 44 of 1997

8. Section 27 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* If a part or parts of common property is or are delineated on a sectional plan in terms of section 5(3)*(f)*, the developer **[shall]** may, for a specific purpose when making application for the opening of a sectional title register and the registration of the sectional plan, impose a condition in terms of section 11(2) in the schedule referred to in section 11(3)*(b)*, by which the right to the exclusive use of such part or parts of the common property delineated for this purpose on the sectional plan, is conferred upon the owner or owners of one or more of the sections**[, and the registrar shall not accept for registration a sectional plan on which a part or parts of the common property is so delineated, unless the developer imposes any such condition conferring any such right for a specific purpose on the owner or owners of a section or sections]**.";

(b) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* A developer shall cede the right to the exclusive use of part or parts of the common property to the owner or owners **[to whom such rights are allocated]** of units in the scheme, by the registration of a unilateral notarial deed in their favour**[: Provided that when the developer has transferred the last section in a scheme, he shall cede to the body corporate the right to any exclusive use area still**

(iii) indien van toepassing, die sertifikaat van saaklike reg ten opsigte van die restant van die reg voorbehou ingevolge artikel 25(1),

verbind; en";

(c) deur in subartikel (11) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang :

"*(c)* gelyktydig met die registrasie van die deelplan van uitbreiding 'n sertifikaat van geregistreerde deeltitel ten opsigte van elke deel aangedui op die deelplan van uitbreiding en sy onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom, aan die ontwikkelaar, sy of haar opvolger in titel of die regspersoon, na gelang van die geval, uitreik, behoudens enige verband geregistreer teen die titelakte van die reg van uitbreiding, die betrokke plaaslike bestuur voorsien van 'n kopie van sodanige plan van uitbreiding en die Landmeter-generaal in kennis stel van die registrasie van sodanige plan van uitbreiding, en daarop wysig die Landmeter-generaal die oorspronklike deelplan en die registrasiekantoorkopie van die deelplan om sodanige uitbreiding aan te toon; en"; en

(d) deur in subartikel (15) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang :

"*(b)* Na kennisgewing deur so 'n koper aan die verkoper dat hy of sy die vervreemding tot niet maak, is die vervreemding nietig, en is die bepalings van artikel **[9(3)]** 10(5) **[*mutatis mutandis*]** met die nodige veranderinge van toepassing.".

Wysiging van artikel 26 van Wet 95 van 1986, soos vervang deur artikel 16 van Wet 63 van 1991 en gewysig deur artikel 19 van Wet 44 van 1997

7. Artikel 26 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Die registrateur moet, by voorlegging van die voorgeskrewe dokumente, 'n plan van uitbreiding van die gemeenskaplike eiendom ingevolge hierdie artikel registreer deur 'n aantekening op die toepaslike titelakte te maak om aan te dui dat die betrokke grond by die deelplan ingesluit is, die verdere aantekeninge en inskrywings in sy of haar rekords maak wat nodig is om gevolg daaraan te gee, en die betrokke plaaslike bestuur voorsien van 'n kopie van die deelplan van uitbreiding en die Landmeter-generaal in kennis stel van die registrasie van sodanige plan van uitbreiding, en daarop wysig die Landmeter-generaal die oorspronklike deelplan en die registrasiekantoorkopie van die deelplan om sodanige uitbreiding aan te toon.".

Wysiging van artikel 27 van Wet 95 van 1986, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 63 van 1991 en artikel 20 van Wet 44 van 1997

8. Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig:

(a) deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Indien 'n gedeelte of gedeeltes van gemeenskaplike eiendom ingevolge artikel 5(3)*(f)* op 'n deelplan geskets is, **[moet]** kan die ontwikkelaar vir 'n spesifieke doel, wanneer hy of sy aansoek doen om die opening van 'n deeltitelregister en om die registrasie van 'n deelplan, ingevolge artikel 11(2) 'n voorwaarde oplê in die in artikel 11(3)*(b)* bedoelde bylae, waarby die reg tot die uitsluitlike gebruik van sodanige gedeelte of gedeeltes van die gemeenskaplike eiendom wat vir dié doel op die deelplan geskets is, aan 'n eienaar of eienaars van een of meer van die dele verleen word **[, en die registrateur aanvaar nie 'n deelplan vir registrasie waarop 'n gedeelte of gedeeltes van die gemeenskaplike eiendom aldus geskets is nie, tensy die ontwikkelaar sodanige voorwaarde oplê wat so 'n reg vir 'n bepaalde doel aan die eienaar of eienaars van 'n deel of dele verleen]**.";

(b) deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* 'n Ontwikkelaar moet die reg tot uitsluitlike gebruik van 'n gedeelte of gedeeltes van die gemeenskaplike eiendom sedeer deur die registrasie van 'n eensydige notariële akte ten gunste van die eienaar of eienaars van eenhede in die skema **[van wie sodanige regte verleen word: Met dien verstande dat wanneer die ontwikkelaar die laaste**

registered in his name free of charge and without any compensation].";

(c) by the insertion in subsection (1) after paragraph *(b)* of the following paragraphs:

"*(c)* If a developer ceases to be a member of the body corporate as contemplated in section 36(2), any right to an exclusive use area still registered in his or her name vests in the body corporate free from any mortgage bond.

(d) If a right to the exclusive use of a part or parts of the common property vests in a body corporate in terms of paragraph *(c)*, the body corporate shall, in the prescribed form—

(i) apply to the registrar for the issuing of a certificate of real right of exclusive use in its favour; and

(ii) submit a certificate of compliance with any law dealing with vesting.

(e) The registrar shall, after consideration of the application in paragraph *(d)*, issue such certificate in the prescribed form.";

(d) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) *(a)* An owner of a section in whose favour the right to the exclusive use of a part of the common property delineated on the sectional plan is registered, may transfer his or her interest in such right to the owner of another section in the scheme by the registration by the registrar of a notarial deed of cession entered into by the parties.

(b) If an owner ceases to be a member of the body corporate as contemplated in section 36(2), any right to an exclusive use area still registered in his or her name vests in the body corporate free from any mortgage bond.

(c) If a right to the exclusive use of a part or parts of the common property vests in a body corporate in terms of paragraph *(b)*, the body corporate shall, in the prescribed form—

(i) apply to the registrar for the issuing of a certificate of real right of exclusive use in its favour; and

(ii) submit a certificate to the effect that the provisions of any law in connection with the vesting have been complied with.

(d) The registrar must issue such certificate in the prescribed form.";

and

(e) by addition of the following subsection:

"(7) *(a)* Any person who holds two or more rights to exclusive use areas or undivided shares by one title deed may, subject to the provisions prescribed, obtain a separate title deed in respect of one or more of the rights to exclusive use areas held therein.

(b) At least one of the exclusive use areas or shares shall remain held by such title deed.".

Amendment of section 37 of Act 95 of 1986

9. Section 37 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any contributions levied under any provision of subsection (1), shall be due and payable on the passing of a resolution to that effect by the trustees of the body corporate, and may be recovered by the body corporate by action in any court (including any magistrate's court) of competent jurisdiction from the persons who were owners of units at the time when **[such contributions became due]** such resolution was passed.".

Short title

10. This Act shall be called the Sectional Titles Amendment Act, 2003.

deel in die skema oorgedra het, hy die reg tot enige uitsluitlike gebruiksgebied wat steeds in sy naam geregistreer is kosteloos en sonder enige vergoeding aan die regspersoon moet sedeer].";

(c) deur in subartikel (1) na paragraaf *(b)* die volgende subartikels in te voeg:

"*(c)* Indien 'n ontwikkelaar ophou om lid te wees van die regspersoon soos beoog in artikel 36(2), vestig enige reg tot 'n uitsluitlike gebruiksgebied steeds geregistreer in sy of haar naam, vry van enige verband in die regspersoon.

(d) Indien 'n reg tot die uitsluitlike gebruik van 'n gedeelte of gedeeltes van die gemeenskaplike eiendom vestig in 'n regspersoon ingevolge paragraaf *(c)*, moet die regspersoon, in die voorgeskrewe vorm—

(i) aansoek doen by die registrateur vir die uitreiking van 'n sertifikaat van saaklike reg van uitsluitlike gebruik in sy guns; en

(ii) 'n sertifikaat indien dat daar voldoen is aan enige wet wat met vestiging handel.

(e) Die registrateur moet, na oorweging van die aansoek in paragraaf *(d)*, sodanige sertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik.".

(d) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) *(a)* 'n Eienaar van 'n deel ten gunste van wie **['n]** die reg tot die uitsluitlike gebruik van 'n gedeelte van die gemeenskaplike eiendom geskets op die deelplan, geregistreer is, kan sy of haar belange in sodanige reg aan die eienaar van 'n ander deel in die skema oordra deur die registrasie deur die registrateur van 'n notariële akte van sessie aangegaan tussen die partye.

(b) Indien 'n eienaar ophou om lid te wees van die regspersoon soos beoog in artikel 36(2), vestig enige reg tot 'n uitsluitlike gebruiksgebied steeds geregistreer in sy of haar naam, vry van enige verband in die regspersoon.

(c) Indien 'n reg tot uitsluitlike gebruik van 'n gedeelte of gedeeltes van die gemeenskaplike eiendom vestig in die regspersoon ingevolge paragraaf *(b)*, moet die regspersoon, in die voorgeskrewe vorm—

(i) aansoek doen by die registrateur om die uitreiking van 'n sertifikaat van saaklike reg van uitsluitlike gebruik in sy guns; en

(ii) 'n sertifikaat indien ten effekte dat daar voldoen is aan die bepalings van enige wet in verband met die vestiging.

(d) Die registrateur moet sodanige sertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik."; en

(e) deur die volgende subartikel by te voeg:

"(7)*(a)* Enige persoon wat twee of meer regte tot uitsluitlike gebruiksgebiede, of onverdeelde aandele kragtens een titelakte besit, kan behoudens die voorgeskrewe bepalings, 'n afsonderlike titelakte verkry ten opsigte van een of meer van die regte op uitsluitlike gebruiksgebiede daarin gehou.

(b) Ten minste een van die uitsluitlike gebruiksgebiede of aandele moet by wyse van sodanige titelbewys in besit bly.".

Wysiging van artikel 37 van Wet 95 van 1986

9. Artikel 37 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Bydraes wat ingevolge 'n bepaling van subartikel (1) gehef word, is verskuldig en betaalbaar wanneer 'n besluit te dien effekte deur die trustees van die regspersoon geneem word, en kan deur die regspersoon by geding in 'n bevoegde hof (met inbegrip van 'n landdroshof) verhaal word op die persone wat eienaars van eenhede was op die tydstip toe **[bedoelde bydraes betaalbaar geword het]** sodanige besluit geneem is.".

Kort titel

10. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Deeltitels, 2003.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—4200
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—4200